Kwartaalramings van vaste investering het gedurende 1971 uiteenlopende neigings en merkbare skommelings in die geval van die hoofsektore van die volkshuishouding getoon. In die algemeen is 'n betreklik hoë koers van toename gedurende die eerste drie kwartale van 1971, en in besonder in die derde kwartaal, behaal maar die koers van toename het gedurende die vierde kwartaal merkbaar afgeneem. Die baie hoë koers van toename wat gedurende die derde kwartaal aangeteken is, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan aansienlike toenames in die vaste kapitaalbesteding deur die private fabriekswese en in 'n mindere mate deur die S.A. Spoorweë, Gedurende die vierde kwartaal het die kapitaalbesteding deur die S.A. Spoorweë, in besonder aan vervoertoerusting, aansienlik toegeneem en het die vaste kapitaalbesteding deur die sentrale regering en provinsiale administrasies ook opmerklike stygings getoon. Hierdie toenames is egter in 'n groot mate deur 'n aansienlike afname in die vaste kapitaalbesteding deur die private fabriekswese geneutraliseer.

Verdere groot netto toevoeging tot voorrade

Alhoewel progressief kleiner netto toevoegings tot voorrade gedurende die laaste drie kwartale van 1971 gemaak is, was die netto gevolg van hierdie veranderings dat die totale netto akkumulasie gedurende 1971 nogtans bykans R600 miljoen (teen boekwaarde) beloop het, vergeleke met ongeveer R630 miljoen gedurende 1970. As gevolg van die volgehoue opbouing van voorrade gedurende elf opeenvolgende kwartale, het die verhouding van totale nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare bruto binnelandse produk tot bykans 40 persent in 1971 gestyg, teenoor 'n gemiddeld van ongeveer $37\frac{1}{2}$ persent oor die tydperk 1960 tot 1970.


Onvoldoende besparing

Bruto vaste en voorraadinvestering het bruto binnelandse besparing in 1971 met R1 005 miljoen oorskry, nadat 'n tekort van R843 miljoen in 1970 aangeteken is. Die tekort in 1971 is gefinansier deur 'n netto kapitaalinvloeiing van R763 miljoen en 'n intering op goud- en buitelandse reserwes ten bedrae van R242 miljoen. Die volgehoue groot tekort aan binnelandse besparing gedurende onlangse jare word weerspieël in die afname in die verhouding van bruto binnelandse besparing tot bruto binnelandse produk, naamlik vanaf bykans 24 persent in 1969 tot 22 persent in 1971.

Produksie en werkverskaffing

Afgesien van die betreklik klein toename in die gemiddelde vlak van die volume van fabrieksproduksie gedurende die eerste elf maande van 1970 en die gemiddelde vlak in die ooreenstemmende tydperk van 1971, naamlik 3,0 persent, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die volume van produksie gedurende die eerste elf maande van 1971, naamlik

Algemene ekonomiese aanwysers



vanaf Desember 1970 tot November 1971, feitlik geen verandering getoon nie. Aangesien totale ure deur produksiewerkers gewerk met bykans 2 persent vanaf Desember 1970 tot November 1971 toegeneem het, wil dit voorkom asof die produksie per manuur gedurende 1971 gedaal het.


Konstruksiebedrywigheid, wat vanaf 1968 tot 1970 baie lewenskragtig was, het gedurende 1971 verlangsaam. Dit blyk uit die bewegings in 'n aantal aanwysers soos totale ure gewerk, die volume van sementproduksie, bouplanne goedgekeur en nuwe voorskotte deur bouverenigings toegestaan. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het gedurende 1970 afgeneem en daarna in 1971 min verandering getoon.

Bedrywigheid in die groot- en kleinhandel het in die loop van 1971 aansienlik herstel vanaf die betreklik lae vlak waarna dit teen die einde van 1970 en vroeg in 1971 gedaal het as gevolg van die anti-inflasionistiese maatreëls wat op die beperking van verbruiksuitgawes gerig was. Die waarde van kleinhandelsverkope, wat gedurende die vierde kwartaal van 1970 gedaal het, het regdeur 1971 skerp toegeneem. Die waarde van groothandelsverkope het selfs 'n nog meer opmerklike verbetering getoon. Motorvoertuigverkope het tot April 1971 gedaal en daarná tot September 1971 merkbaar herstel voordat dit gedurende die vyf maande tot Februarie 1972 gelyk verloop het.

Die kleiner toename in ekonomiese bedrywigheid in 1971 is ook in 'n verruiming van die stram arbeidstoestand, wat feitlik onafgebroke gedurende die afgelope drie jare geheers het, weerspieël. Totale werkverskaffing in die nie-landbousektore het gedurende die eerste nege maande van 1971 teen 'n laer koers as gedurende dieselfde tydperk in 1970 toegeneem. Werkverskaffing in die mynboubedryf het in werklikheid regdeur 1971 gedaal, werkverskaffing in die konstruksiebedryf het teen 'n laer koers toegeneem, terwyl werkverskaffing deur die openbare owerhede voortgegaan het om toe te neem. Die verruiming van die arbeidstoestand is ook weerspieël in 'n toename vanaf 7 469 in Desember 1970 tot 9 032 in Desember 1971, in die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs. Gedurende Januarie 1972 het die syfer met 1 257 toegeneem tot 10 289.

Die gemiddelde peil van salarisse en lone was gedurende die eerste nege maande van 1971 10,1 persent hoër as gedurende dieselfde tydperk in 1970. Gedurende 1970 het salarisse en lone met 9,9 persent toegeneem. Die bygaande grafiek toon ook dat die jaarlikse styging in gemiddelde salarisse en lone betaal aan nie-landbouwerknemers gedurende die afgelope nege jaar voortdurend die toename in verbruikerspryse oorskry het.

Jaarlikse persentasiekoers van verandering in verbruikerspryse en gemiddelde salarisse en lone



Pryse

Gedurende 1971 het Suid-Afrika een van die grootste stygings in verbruikerspryse in sy geskiedenis ondervind, maar om verskeie redes moet die veranderings in die totale verbruikersprysindeks met omsigtigheid vertolk word. 'n Vergelyking van die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks vir 1971 met dié vir 1970, toon 'n styging van 5,7 persent, terwyl die toename vanaf Desember 1970 tot Desember 1971 'n toename van 7,0 persent toon. Die vernaamste oorsaak van die aansienlike verskil tussen hierdie twee koerse van toename is die onreëlmatige veranderings. in die indeks gedurende 1971, soos deur bygaande tabel getoon word. Gedurende die tweede kwartaal van 1971 was die koers van toename, naamlik 12,3 persent, buitengewoon hoog. Dit is toe te skryf aan 'n. opeenhoping in hierdie besondere kwartaal van aansienlike toenames in die verkoopreg en ander indirekte belastings en in sekere staats-geadministreerde pryse. In die vierde kwartaal het die koers van toename ook versnel, maar nie in dieselfde mate as in die tweede kwartaal nie. Hierdie toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan toenames in voedselpryse (9.5 persent) en behuisingskoste (9,7 persent), sowel as aan die styging in pryse van ingevoerde goedere wat met die opwaartse aanpassing van die wisselkoerse van sommige van Suid-Afrika se handelsvennote gepaard gegaan het. Indien die invloed van verhoogde indirekte belastings en staats-geadministreerde pryse geïdentifiseer en afsonderlik beskou word, verdwyn die versnelling in die koers van toename van alle ander pryse grootliks in 1971. Die totale seisoensaangesuiwerde indeks het met 6,8 persent tussen Januarie 1971 en Januarie 1972 gestyg en teen 'n jaarlikse koers van

Verbruikerspryse Jaarlikse koers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

		%
1970:	Desember 1969 tot Maart 1970	4,6
	Maart 1970 tot Junie 1970	4.3
	Junie 1970 tot September 1970	3,9
	September 1970 tot Desember 1970	3,9
1971:	Desember 1970 tot Maart 1971	4,5
	Maart 1971 tot Junie 1971	12,3
	Junie 1971 tot September 1971	4.9
	September 1971 tot Desember 1971	6,7

5,2 persent tussen September 1971 en Januarie 1972. Gedurende hierdie vier maande het die pryse van groente, nie-alkoholiese dranke, bediendelone en vervoerdienste die grootste persentasietoenames getoon.

Die gemiddelde maandelikse indeks van groothandelspryse was 4,6 persent hoër in 1971 as in 1970 en tussen Desember 1970 en Desember 1971 het dit met 4,8 persent gestyg. Van besondere betekenis is die versnelling in die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere vanaf 3,0 persent in 1970 tot 5,8 persent in 1971. Vanaf Januarie 1971 tot Januarie 1972 het die seisoensaangesuiwerde totale groothandelsprysindeks met 5,2 persent gestyg.

Betalingsbalans

Aansienlike totale tekort en devaluasie van die rand

Vir die tweede opeenvolgende jaar het Suid-Afrika 'n aansienlike totale betalingsbalanstekort ondervind. Gedurende 1971 het die goud- en buitelandse reserwes van die land as gevolg van betalingsbalanstransaksies met R242 miljoen gedaal, vergeleke met 'n daling van R286 miljoen gedurende 1970. Hierdie skerp afname het voorgekom ondanks 'n groot netto kapitaalinvloeiing van R763 miljoen en is deur 'n rekord tekort van R1 005 miljoen op die lopende rekening veroorsaak. Gedurende 1970 en 1971 het die totale tekoft op die betalingsbalans hoofsaaklik vanweë 'n skerp styging in invoere ontstaan en dit het op sy beurt verband gehou met oormatige totale binnelandse besteding en 'n aansienlike netto toevoeging tot voorrade. Die owerheid het dus volgehou om beperkende monetêre en fiskale maatreëls toe te pas ten einde die oormatige koers van toename in binnelandse besteding te demp.

Die geleidelike maar duidelike verbetering in die saldo op lopende rekening gedurende die eerste drie kwartale van 1971 was ongetwyfeld 'n aanduiding dat die beleidsmaatreëls van die owerhede om die oormatige besteding te demp, stadig besig was om hul doel te bereik. Op 15 Augustus het die Verenigde State egter die inwisselbaarheid van die dollar in goud opgeskort en 'n invoerheffing van 10 persent

ingestel, en hierdie maatreëls het Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote verplig om swewende wisselkoerse vir hulle geldeenhede te aanvaar. Hierdie internasionale ekonomiese verwikkelinge het Suid-Afrika se betalingsbalansprobleem vererger. Die verwagting dat die geldeenhede van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote in waarde teenoor die V.S.A.dollar en die Suid-Afrikaanse rand sou toeneem, het nie slegs bygedra om invoere op 'n hoë peil te handhaaf nie, maar het ook 'n versnelling in invoer- en ander buitelandse betalings, 'n sloering in uitvoer- en ander buitelandse ontvangste en die terughouding van buitelandse kapitaal tot gevolg gehad. Gevolglik het die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die vierde kwartaal verswak en was daar terselfdertyd 'n kleiner netto invloeiing van kapitaal na die private sektor.

Onder hierdie omstandighede en aangesien daar geen versekering was dat 'n internasionale ooreenkoms oor die herskikking van wisselkoerse en verwante handelsaangeleenthede spoedig bereik sou word nie, het die Regering in November besluit om strenger invoerbeheermaatreëls toe te pas. Op 18 Desember het die Groep van Tien oor 'n herskikking van wisselkoerse ooreengekom, waarvolgens die V.S.A.-dollar met 7,89 persent gedevalueer sou word en verskeie ander geldeenhede in groter of kleiner mate gerevalueer sou word.

Suid-Afrika het op hierdie herskikking van wisselkoerse gereageer deur op 21 Desember die rand met 12,28 persent te devalueer. Hierdie stap, wat met die instemming van die Internasionale Monetêre Fonds gedoen is, was gedeeltelik 'n aanpassing wat deur die wisselkoersherskikking van die vernaamste geldeenhede genoodsaak is en gedeeltelik 'n beleidsmaatreël wat daarop gemik was om die betalingsbalans in sy geheel te verbeter en terselfdertyd ekonomiese groei aan te wakker. Onder die destyds heersende omstandighede was daar 'n duidelike botsing in Suid-Afrika tussen die behoefte om ewewig in die betalingsbalans te herstel en die behoefte om produksie en investering in die private sektor aan te moedig. Daar is gehoop dat devaluasie daartoe sou bydra om hierdie botsing uit die weg te ruim", enersyds deur die tekort op die lopende rekening te verminder, die vervroegings en vertragings van buitelandse betalings. en ontvangste om te keer en die invloeiing van buitelandse kapitaal aan te moedig, en andersyds, deur die inkome in rand van uitvoerders van primêre goedere en van die goudmyne te verhoog, die mededingendheid van binnelandse sekondêre nywerhede te vergroot en daardeur nywerheidsproduksie en investering aan te wakker, die inkomste van die staat te verhoog, en die algemene monetêre en finansiële klimaat meer bevorderlik vir ekonomiese uitbreiding te maak.

Die owerhede was ten volle bewus van die feit dat devaluasie sou neig om die bestaande inflasie te vererger en dat dit slegs tot die oplossing van Suid-Afrika se ekonomiese probleme sou bydra indien dit met gepaste maatreëls op ander gebiede gepaard sou gaan. Toe hy die devaluasie aangekondig het, het die Minister dan ook verklaar dat die bestaande fiskale en monetêre maatreëls teen inflasie voorlopig gehandhaaf sou word en dat die Regering sou voortgaan met sy pogings om die koers van toename in die staatsuitgawes te verminder. Verder het hy gewaarsku dat alle optrede wat prys- en kosteverhogings sou meebring sover doenlik vermy moes word. Hy het ook aangekondig dat die onlangs verskerpte invoerbeheermaatreëls voorlopig gehandhaaf sou word, maar progressief verslap sou word namate daar 'n besliste verbetering in die betalingsbalans op lopende rekening intree.


Rekord tekort op lopende rekening

Die rekord tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende 1971 as geheel kan toegeskryf word aan 'n verdere skerp styging in goedereinvoere wat slegs gedeeltelik deur 'n styging in netto goudproduksie en goedere-uitvoere geneutraliseer is. Netto onsigbare betalings het egter op ongeveer dieselfde peil as gedurende 1970 gebly.


Goedere-invoere het vanaf die hoë peil van R2 579 miljoen wat in 1970 bereik is, tot R2 888 miljoen in 1971 gestyg, of met sowat 12 persent. Hierdie toename was kleiner as die 20 persent en die 14 persent wat onderskeidelik gedurende 1970 en 1969 aangeteken is, en stem ooreen met die laer koers van toename in binnelandse besteding. Soos in die voorafgaande jaar het stygings in feitlik al die verskillende klasse van ingevoerde goedere voorgekom, maar in die geval van vervoertoerusting, masjinerie en elektriese toerusting, mineraalprodukte, basiese metale en chemiese produkte was die toenames besonder groot. In die loop van 1971 het die waarde van goedere-invoere gedurende die eerste nege maande van die jaar effens afgeneem, maar gedurende die vierde kwartaal weer toegeneem, hoofsaaklik vanweë die onsekerhede in die internasionale monetêre sfeer en stygende pryse van invoere vanaf lande met geldeenhede wat in terme van die rand in waarde gestyg

Goedere-uitvoere het vir die derde opeenvolgende jaar nie goed vertoon nie. Nadat dit met 2 persent in 1969 en 5 persent in 1970 gedaal het, het dit hoofsaaklik as gevolg van groter uitvoere van diamante en landbouprodukte met slegs 4 persent tot R1 481 miljoen in 1971 gestyg. Hierdie klein toename in uitvoere gedurende 1971 is hoofsaaklik deur afnames in die pryse van baie van die vernaamste uitvoerprodukte veroorsaak. Dalings in wêreldpryse het voorgekom ten opsigte van ystererts, platina, nikkel, koper, wol, steenkool en gedurende die grootste gedeelte van die jaar ook ten opsigte van diamante. 'n Aansienlike gedeelte van Suid-Afrika se uitvoere word deur hierdie produkte verantwoord. Desnieteenstaande het uitvoere 'n effens stygende neiging gedurende die laaste nege maande van 1971 getoon, en mag dit voortgaan


Lopende rekening van die betalingsbalans




Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



Verandering in goud- en buitelandse reserwes



om ook in 1972 te styg as gevolg van die hoër pryse vir produkte soos suiker, wol en vanaf November 1971 ook diamante, die verwagte goeie mielie-oes en die voordele wat deur die devaluasie van die rand verkry is.


Alhoewel die fisiese volume van goudproduksie met 2,6 persent vanaf 1970 tot 1971 afgeneem het, het die waarde van netto goudproduksie vanaf R837 miljoen tot R918 miljoen oor dieselfde tydperk gestyg, d.w.s. met bykans 10 persent. Hierdie skerp toename is dus geheel en al toe te skryf aan 'n styging in die goudprys op die private mark. Die waarde van netto goudproduksie het 'n geleidelik toenemende neiging gedurende die jaar getoon, met besonder skerp toenames gedurende die tweede en vierde kwartale.

Rekord netto invloeiing van kapitaal

Die netto kapitaalinvloeiing van R763 miljoen gedurende 1971 het die totale netto invloeiing oor die afgelope twee jaar op nie minder nie as R1 320 miljoen te staan gebring. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die private sektor in 1971 die grootste gedeelte van die netto invloeiing van kapitaal ontvang. Groot netto invloeiings het veral plaasgevind ten opsigte van die netto buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is en ten opsigte van die netto langtermynlenings van openbare korporasies en plaaslike owerhede. Langtermyn buitelandse lenings wat deur die sentrale regering aangegaan is, was hoofsaaklik vir die aansienlike netto invloeiing van kapitaal na die sentrale regering- en banksektor verantwoordelik.

Gedurende 1971 het die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor vanaf R209 miljoen in die

Private kapitaalbewegings



Netto invloeiing van kapitaal-R miljoene

	1970	1971	% van totaal 1971
Private sektor Netto aankope op Johannes-	453	564	73,9
burgse Effektebeurs	50	88	11,5
korporasies en plaaslike owerhede		134	17,6
Ander langtermynkapitaal Korttermynkapitaal insluitende foute en onaangetekende	141	161	21.1
transaksies	127	181	23,7
Sentrale regering- en banksektor Langtermynlenings van die	104	199	26,1
sentrale regering Ander netto invlocting van	129	149	19,5
kapitaal	-25	50	6,6
Totale netto invloeiing van kapitaal	557	763	100,0

eerste kwartaal tot R82 miljoen in die vierde kwartaal afgeneem. Hierdie vermindering in die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor, in besonder gedurende die vierde kwartaal, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die onsekerheid aangaande die wisselkoerswaarde van die rand in terme van die geldeenhede van meeste van die land se vernaamste handelsvennote. Die onsekerhede aangaande internasionale finansies het gelei tot 'n vermindering in handels- en ander buitelandse korttermynkrediet en het die invloeiing van kapitaal ontmoedig.

Aansienlike afname in goud- en buitelandse reserwes

Soos hierbo aangetoon, het Suid-Afrika se betalingsbalanstransaksies gedurende 1971 'n afname van R242 miljoen in die goud- en buitelandse reserwes veroorsaak. Indien die tweede toekenning van spesiale trekkingsregte ten bedrae van R15 miljoen, die wins van R2 miljoen op die revaluasie van die Switserse frank in Mei 1971 en die wins van R69 miljoen as gevolg van die herskikking van wisselkoerse in Desember, egter in berekening gebring word, het die totale goud- en buitelandse reserwes met slegs R156 miljoen gedaal.

Ontwikkelings gedurende Januarie en Februarie 1972

Alhoewel dit nog te vroeg is om die invloed van devaluasie en invoerbeheer op die betalingsbalans te beoordeel, het sekere gunstige ontwikkelings gedurende Januarie en Februarie 1972 voorgekom. In Januarie het die totale goud- en buitelandse reserwes vanaf R651 miljoen aan die einde van Desember tot R658 miljoen aan die einde van Januarie toegeneem. Hierdie toename sluit die derde toekenning van spesiale trekkingsregte ten bedrae van R28 miljoen in sodat die goud- en buitelandse reserwes in werklikheid met R21 miljoen as gevolg van betalingsbalanstransaksies gedaal het. Hierdie afname is hoofsaaklik weerspieël

in 'n afname van R35 miljoen in monetêre bankinstellings se besit aan buitelandse valuta. In teenstelling hiermee het die goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende Januarie met R41 miljoen en in Februarie met 'n verdere R15 miljoen gestyg om 'n peil van R520 miljoen aan die einde van Februarie te bereik. Tot 17 Maart het dit met 'n verdere R20 miljoen gestyg.

Volgens syfers van die Departement van Doeane en Aksyns, wat nie streng vergelykbaar met betalingsbalanssyfers is nie, het invoere skerp afgeneem vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2 933 miljoen in Desember tot R2 792 miljoen in Januarie en R2 675 miljoen in Februarie. Uitvoere het toegeneem vanaf R1 574 miljoen in Desember tot R1 621 miljoen in Januarie en toe afgeneem tot R1 566 miljoen in Februarie. Voorlopige gegewens toon ook dat die netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word R17 miljoen in Januarie en R11 miljoen in Februarie bedra het. Dit wil dus voorkom asof die effektebeurs, soos in 1971, weer 'n aansienlike bedrag aan buitelandse kapitaal trek. Die "vervroegings en vertragings" het waarskynlik opgehou om ongunstig vir Suid-Afrika te verloop en die netto invloeiing van kapitaal kon toegeneem het.

Monetêre en banktoestand

Matige toename in geld en kwasi-geld


Soos in die bygaande tabel getoon word, het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1970 en 1971 aanmerklik minder gestyg as gedurende die voorafgaande twee jaar. Gedurende 1971 was die toename in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid ook kleiner as dié in die bruto binnelandse produk, met die gevolg dat die verhouding van die gemiddelde hoeveelheid geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk teen heersende pryse vanaf 30,8 persent in 1970 tot 29,7 persent in 1971 gedaal het.

Gedurende 1971 het die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasigeld aansienlik gedaal vanaf 'n jaarkoers van ongeveer 11,0 persent gedurende die eerste helfte van die jaar tot slegs 3,5 persent gedurende die tweede helfte. Gedurende Januarie 1972 het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld met R13 miljoen afgeneem. Hierdie afname het die klein styging van R9 miljoen in die vierde kwartaal van 1971 oorskry en tot gevolg gehad dat 'n geringe daling in die tyd-


Toename in geld en kwasi-geld

									R miljoene	Persentasie
1968			11						589	20,8
1969			4						353	10,3
1970			ú,						000	5.5
1971									000	7,3

Monetère ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, R miljoene

	1968	1969	1970	1971
Netto goud- en buitelandse				
reserwes	471	-52	-282	-251
Eise teen die regeringsektor:				
Bruto eise		-21	132	62
Regeringsdeposito's (toename-				
afname+)	395	63	26	256
Netto eise	204	42	158	318
Eise teen die private sektor	. 281	488	362	244
Langtermyn private deposito's				
(toename-, afname+)	. 12	-91	-6	-35
Netto ander laste en bates .	30	-34	-22	16
Totale geld en kwasi-geld	. 589	353	209	292

perk van vier maande vanaf September 1971 tot Januarie 1972 verkry is.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die bygaande tabel toon dat die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1970 en 1971 veroorsaak is deur 'n aansienlike daling in die netto regeringsdeposito's en 'n toename in bankkrediet aan die private sektor wat slegs gedeeltelik deur 'n voortgesette vinnige afname van die netto goud- en buitelandse reserwes geneutraliseer is. Die verlangsaming van die koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1970 en 1971 was die gevolg van die aansienlike daling in die netto goud- en buitelandse reserwes en 'n betekenisvolle verlaging van die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor. Laasgenoemde koers het vanaf 18 persent in 1969 tot 11 persent in 1970 en 6,7 persent in 1971 gedaal.

'n Ontleding van die verskillende samestellende dele van die bankkrediet aan die private sektor bring aan die lig dat seisoenale kaskrediete wat deur die Landbank verleen is, gedurende 1971 vir nie minder nie as R164 miljoen of 67 persent van die totale toename in hierdie krediet verantwoordelik was, terwyl die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke in werklikheid met R35 miljoen gedaal het. Die diskonteringe en voorskotte van die monetêre huurkoop- en algemene banke en die aksepbanke het daarenteen met R102 miljoen gestyg waarvan ongeveer die helfte verklaar word deur die insluiting van 'n verdere bank vanaf Januarie 1971 in die monetêre banksektor. Afgesien van 'n toegewing van 2 persent met betrekking tot krediet vir landboudoeleindes, is die kredietplafonne nie gedurende 1971 verhoog nie en die plafonne is oor die algemeen streng toegepas (wat ook die instelling in Maart 1971 van boetes vir die oorskryding van die plafonne behels het). Die rede waarom die handelsbanke hulle diskonteringe en voorskotte verminder het en die ander banke geduren-

Bankkrediet aan die private sektor



de dieselfde tydperk nogtans 'n toename getoon het, was dat eersgenoemde groep hulle plafonne aan die einde van 1970 oorskry het, terwyl die ander groep op daardie tydstip nog ruimte onder hulle plafonne gehad het.

Oorskot likwiede bates van banke op betreklik lae peil

Gedurende 1970 en 1971 het die oorskot likwiede bates van die banke aansienlik gedaal vanaf die hoë peil wat gedurende die voorafgaande jare bereik is, soos die bygaande tabel toon. Gedurende Januarie 1972 het die oorskot likwiede bateverhouding van die

Handelsbanke:

Gemiddelde verhouding van oorskot likwiede bates tot verpligtings teenoor die publiek

			П				Π					ī												%
1968		i.	÷			o				-0				d				4	0					9,8
1969		ú		į,				i		à		5		į,		Ĭ,	6						ě	4.9
1970	-		4		ī		è	á			i.			è	á	į.				-	à	ì		3,3
1971																								3,9

handelsbanke tot 3,3 persent afgeneem. Die persentasie vir al die monetêre banke gesamentlik aan die einde van Januarie was 2,9 persent.

Hoë peil van korttermyn-rentekoerse


Die korttermyn-rentekoerse, wat gedurende 1970 aansienlik gestyg het, het gedurende 1971 verder toegeneem, hoewel aanmerklike skommelings in die loop van die jaar voorgekom het. Die koers wat op VDSe met 90 dae looptyd gekwoteer is, het vanaf 7,7 persent aan die einde van 1970 tot 8,7 persent aan die einde van 1971 gestyg, maar vervolgens tot 7,75 persent aan die begin van Maart 1972 gedaal. Dit het in Maart 1971 'n hoogtepunt van net meer as 9 persent en in Augustus 1971 'n laagtepunt van 6,7 persent bereik.


Die depositorentekoerse wat deur bankinstellings gekwoteer is, het gedurende 1971 eweneens 'n verdere opwaartse neiging getoon, hoewel daar oor die algemeen slegs matige aanpassings aangebring is. Alhoewel hoër koerse by geleentheid gekwoteer is het die koers op deposito's van 12 maande op 7,5 persent bly staan, maar korter-termyn koerse het met tussen $\frac{1}{4}$ en $\frac{3}{4}$ persent opgeskuif.


Staatsfinansies


Gedurende 1971 het die Skatkisrekening 'n rekord tekort van R845 miljoen getoon wat meer as tweemaal soveel was as die syfer van R399 miljoen vir 1970. Die groot tekort in 1971 is veroorsaak deur 'n skerp toename in lopende en kapitaalbesteding (27 persent) en deur 'n laer koers van toename in ontvangste (12 persent teenoor 18 persent in 1970). As gevolg van die stram toestand in die kapitaalmark en inflasionistiese verwagtings, het die owerhede dit moeilik gevind om so 'n groot tekort op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier. Verskeie stappe is nietemin gedoen om die gebruik van bankkrediet te beperk. Indirekte belastings en leningsheffings is verhoog, belastingvrye Premie-obligasies is aan individue teen aantreklike rentekoerse aangebied en voorgeskrewe beleggings wat van versekeraars en pensioenfondse vereis word, asook die rentekoerse op staatseffekte, is verhoog. Hierdie maatreëls het die Skatkis in staat gestel om R515 miljoen buite die banksektor te leen. Ontvangste in die vorm van leningsheffings het R117 miljoen bedra (R29 miljoen in 1970), die uitgifte van Premie-obligasies het R40 miljoen

Skatkisfinansiering: verandering in netto skuldposisie teenoor









opgelewer, netto beleggings deur die private sektor (hoofsaaklik versekeraars en pensioenfondse) het R103 miljoen beloop en buitelandse lenings het R132 miljoen bedra. Die Staatskuldkommissarisse het egter slegs R123 miljoen bygedra wat heelwat minder as in vorige jare was.

Ondanks die Tesourie se poging om buite die banksektor te leen was hy verplig om 'n gedeelte van die skatkistekort te finansier deur sy deposito's by die banksektor te laat afloop en sy lenings by daardie sektor te verhoog. Die toename in netto bankkrediet het R330 miljoen bedra, wat bestaan het uit 'n afname van R259 miljoen in skatkisdeposito's en 'n toename van R71 miljoen in staatskuldbewyse wat deur die banksektor gehou word. Die totale skatkissaldo (insluitende dié op die Stabilisasierekening en die I.M.F.-Depositorekening t.o.v. super-goud-tranchetrekkings) het gevolglik tot R224 miljoen aan die einde van 1971 gedaal, vergeleke met 'n maand-einde hoogtepunt van R717 miljoen in Julie 1969.

Slegs ongeveer 35 persent van die 5 persent 1972 effekte-uitgifte van R136 miljoen, wat op 15 Januarie verval het, is omgesit in nuwe of bestaande uitgiftes. Die grootste gedeelte, nl. R89 miljoen, is derhalwe aan beleggers, hoofsaaklik die monetêre banksektor, terugbetaal. Hierdie terugbetalings is egter meer as vergoed deur aansoeke vir twee effekte-uitgiftes wat vanaf 17 Januarie 1972 vir openbare inskrywing oopgestel is. Toe die inskrywingslyste vir hierdie nuwe uitgiftes op 17 Februarie gesluit het, het aansoeke vir die

Skatkisfinansies

R miljoene

	Jare g 31	Jan.	
	1970	1971	1972
Totale netto ontvangste		2 586 3 431	274 314
Totale tekort (uitgesonderd lenings)	399	845	40
Finansiering: Verandering in netto skuldposisie teenoor:			
Buitelandse sektor	128	132	14
Leningsheffings	25	117	27
Ander	. 7		9
Staatskuldkommissarisse	172	123	23
Sub-totaal	336	515	73
Monetêre banksektor: Verandering in besit aan			
staatskuldbewyse	-33	3 71	-75
Verandering in Skatkissaldo*	96	259	42
Sub-totaal	63	330	-33
Totale finansiering	200	845	40

Toename —, afname +. Insluitende netto oordragte na die Stabilisasierekening en na die IMF-Depositorekening t.o.v. supergoud-tranche-trekkings.

korttermyn $6\frac{1}{2}$ persent 1975 uitgifte R60 miljoen bedra waarvan R52 miljoen van die monetêre banksektor en R7 miljoen van bouverenigings afkomstig was. Bykans R48 miljoen se inskrywings is ontvang vir die $8\frac{1}{2}$ persent 1996 langtermyn uitgifte van bronne ander as die Staatskuldkommissarisse wat vir R40 miljoen ingeskryf het. Aansoeke van versekeraars en pensioenfondse het R45 miljoen bedra. Op 'n netto basis het die Skatkis dus R59 miljoen deur die uitgifte van staatseffekte ontvang, waarvan R40 miljoen van die Staatskuldkommissarisse afkomstig was. Aangesien 'n bedrag van R35 miljoen aan die banksektor terugbetaal is, het die netto belegging deur die private nie-banksektor R54 miljoen bedra.

Kapitaalmark

Volgehoue stram mark vir vaste-rentedraende effekte


Die onewewig tussen die vraag na en aanbod van uitleenbare fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte het in 1971 voortgeduur nieteenstaande die verskuiwing van 'n aansienlike gedeelte van die openbare sektor se leningsbedrywighede na buitelandse kapitaalmarkte. Opbrengskoerse is gedurende die eerste vier maande van die jaar opwaarts aangepas tot nuwe rekordpeile, maar het gedurende die res van die jaar nie verder gestyg nie. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermynprima-effekte is met 0,75 persent tot 8,50 persent verhoog, dié op semi-primaeffekte met 0,5 persent tot 9,3 persent en dié op maatskappyskuldbriewe met 0,25 tot 10,25 persent. As gevolg van hierdie hoër opbrengskoerse het die aanbod van fondse toegeneem en alle uitgiftes van semi-primaeffekte in die tydperk vanaf April tot September was in 'n sekere mate oorvolteken. 'n Uitgifte van staatseffekte in Julie was ook redelik suksesvol. Die opbrengskoers op maatskappyskuldbriewe het in werklikheid gedurende hierdie tydperk met 0,25 persent gedaal. In Oktober het hierdie tydelike verruiming van marktoestande egter tot 'n einde gekom. Die opbrengskoers op maatskappyskuldbriewe het tot sy vorige vlak teruggekeer en nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte gedurende die laaste kwartaal van 1971 was nie heeltemal volteken nie.

Nieteenstaande die effense vernouing van marktoestande teen die einde van 1971, is 'n uitgifte van staatseffekte wat op 17 Januarie 1972 vir inskrywing oopgestel is, goed ondersteun, veral deur versekeraars en pensioenfondse wat vanaf 1 Oktober 1971 aan hoër wetlike beleggingsvoorskrifte moet voldoen.


Verbetering in die aandelemark ná die devaluasie van die rand

Die bedrywigheid in die aandelemark het gedurende 1971 aanmerklik afgeneem en in November het die pryse van bykans alle klasse aandele hul laagste vlakke bereik ná die hoogtepunte wat in Mei 1969 bereik is. Duidelike skommelings het egter in die loop van 1971 voorgekom. Gedurende die eerste helfte van die jaar het aandelepryse opwaarts beweeg as gevolg van die stukrag wat buitelandse aankope verleen het, maar internasionale valuta-onsekerhede en 'n pessimistiese beoordeling van binnelandse ekonomiese vooruitsigte het gedurende die daaropvolgende vyf maande tot 'n hernieude daling in aandelepryse gelei. Na die herskikking van wisselkoerse en die devaluasie van die rand het effektebeursbedrywigheid en pryse

Aandelepryse



Aantal aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs



teen die einde van Desember 1971 herstel en gedurende Januarie en Februarie 1972 verder verbeter.

Nadat opbrengskoerse op aandele gedurende die eerste helfte van 1971 gedaal het, is toenames weer gedurende die tweede helfte van die jaar aangeteken. In Desember het opbrengskoerspeile nie noemenswaardig van dié in Desember 1970 verskil nie. In ooreenstemming met die styging in aandelepryse gedurende Januarie en Februarie 1972, het opbrengskoerse effens gedaal. Wanneer die gemiddelde opbrengskoers op nywerhelds- en handelsaandele, byvoorbeeld, met dié op langtermynprima-effekte vergelyk word, blyk dit dat die omgekeerde rendementsgaping vanaf 1,4 persent in Desember 1970 tot 2,4 persent in Desember 1971 en 2,5 persent in Februarie 1972 vergroot het.

Kleiner uitvloeiing van fondse deur effektetrusts ondervind

Die uitvloeiing van fondse wat deur die effektetrusts in die vorm van netto terugkope van onderaandele ondervind is, het gedurende 1971 aansienlik afgeneem en het R8 miljoen bedra, vergeleke met R90 miljoen gedurende 1970. Gevolglik het die trusts se netto verkope van effekte slegs R24 miljoen bedra, teenoor R86 miljoen in 1970, en hul kontant en deposito's het in die jaar met R2 miljoen tot R42 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. As gevolg van 'n geringe styging in aandelepryse het die markwaarde van die trusts se netto bates in 1971 met R15 miljoen toegeneem, nadat dit vanaf R691 miljoen aan die einde van 1969 tot R358 miljoen aan die einde van 1970 gedaal het. Gedurende Januarie 1972 was die terugkope van onderaandele effens groter as die verkope en die markwaarde van netto bates het met R7 miljoen afgeneem.


In ooreenstemming met die toename in die markwaarde van netto bates, het verkooppryse van onderaandele gedurende 1971 met 3 persent gestyg. 'n Verdere styging van 3 persent is in Januarie en Februarie 1972 aangeteken. Die gemiddelde opbrengskoers op die trusts se onderaandele het ook gedurende 1971 toegeneem en het 5,0 persent in Desember bedra, vergeleke met 3,9 persent in Desember 1970. Gedurende Januarie het die gemiddelde opbrengskoers tot 4,9 persent gedaal.


Afname in die invloeiing van fondse na bouverenigings

Die algemene skaarste aan fondse in die kapitaalmark het ook die bouverenigings geraak en die invloeiing van nuwe fondse in die vorm van 'n toename in aandele en deposito's het in 1971 tot R329 miljoen gedaal, vergeleke met die buitengewoon hoë syfer van R452 miljoen in 1970. Hierdie syfers het 'n toename in hul totale fondse van 19 persent in 1970 en 11 persent in 1971 verteenwoordig, vergeleke met 'n jaarlikse gemiddeld van 10 persent gedurende die tydperk 1961 tot 1971. Persentasiegewys was die kleiner invloeiing van fondse gedurende 1971 gevolglik nog hoër as die gemiddelde

jaarlikse invloeiing gedurende die tydperk 1961 tot 1971. Gedurende Januarie 1972 het aandele en deposito's met slegs R7 miljoen toegeneem, wat hoofsaaklik die seisoensdaling in die invloeiing van fondse gedurende hierdie maand weerspieël het. Ná uitskakeling van seisoensinvloede het die toename in aandele en deposito's R22 miljoen bedra, vergeleke met 'n seisoensaangesuiwerde maandelikse gemiddeld van R25 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1971,

Bouverenigings





Voorlopige syfers vir Februarie toon 'n invloeiing van R7 miljoen.

Die toegewing wat in Augustus 1971 aan bouverenigings gemaak is en waarkragtens belasbare dividende op aandele vir belastingdoeleindes op dieselfde grondslag as dividende op maatskappy-aandele behandel word, het 'n merkbare verskuiwing vanaf vaste deposito's na aandele teweeggebring. Nadat vaste deposito's gedurende die eerste sewe maande van 1971 met R73 miljoen toegeneem het, het dit gedurende die tydperk Augustus 1971 tot Januarie 1972 met R61 miljoen gedaal. Aan die ander kant het aandele gedurende die eerste sewe maande van 1971 met R100 miljoen en gedurende die daaropvolgende ses maande met 'n aansienlik groter bedrag van R157 miljoen toegeneem.

Nuwe verbandlenings toegestaan is verminder vanaf 'n totaal van R740 miljoen in 1970 tot R583 miljoen in 1971. 'n Daling van R85 miljoen in die verenigings se verpligtings ten opsigte van lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, het egter meegebring dat nuwe lenings werklik uitbetaal R668 miljoen, of slegs R49 miljoen minder as gedurende 1970, bedra het. Nieteenstaande die klein invloeiing van fondse gedurende Januarie 1972, het die nuwe verbandlenings wat gedurende hierdie maand deur bouverenigings toegestaan is, R45 miljoen, of slegs R2 miljoen minder as die maandelikse gemiddeld vir die vierde kwartaal van 1971, bedra.

Die verenigings se besit aan "ander voorgeskrewe beleggings" het nadat hulle in Augustus 1971 onthef is van die verpligting om sodanige bates te besit nie noemenswaardig verander nie. Die besit aan prima- en semi-prima-effekte wat as "ander voorgeskrewe beleggings" geld, het tussen die einde van Julie 1971 en die einde van Januarie 1972 in werklikheid met R4 miljoen gestyg, terwyl ander poste, hoofsaaklik verhandelbare depositosertifikate, met R8 miljoen toegeneem het.